

Die invensie van 'n toekoms 1: Oor toekoms, inventiewe denke en taal

The invention of a future 1: On the future, inventive thinking and language

C S DE BEER

Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria, Pretoria
fanie.debeer@up.ac.za



C.S. de Beer

PROF C S DE BEER is Emeritus Professor van die Departement Inligtingkunde, Universiteit van Suid-Afrika en is tans Buitengewone Professor in Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria. Hy het gegradeer in Landbou en Wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria en Parys X. Nanterre, Frankryk. Hy het Inligtingkunde, Kommunikasiekunde en Wysbegeerte doseer, navorsing op al hierdie gebiede en verwante subgebiede onderneem, konsultasiewerk gedoen oor kennisbenutting en inligtingverspreiding. Onder sy publikasies tot op datum tel 6 boeke (as outeur), 5 boeke (as redakteur), 75 wetenskaplike artikels en verskeie navorsingsverslae. Hy doen tans ekstensief navorsing oor die Filosofie van Inligting in die wydste moontlike sin van die woord, met besondere klem op die individuele en sosiale implikasies daarvan en hy het 'n beperkte doseeropdrag in Inligtingkunde.

PROF C S DE BEER is Professor Emeritus of the Department of Information Science, University of South Africa and is currently Extraordinary Professor in the Department of Information Science at the University of Pretoria. He graduated in Agriculture and Philosophy at the Universities of Pretoria and Paris X. Nanterre, France. He taught Information Science, Communications, and Philosophy, undertook research in all these disciplines and related sub-disciplines, and was involved in consultation work in the area of knowledge utilisation and information dissemination. To date he has published 6 books (as author), 5 books (as editor), 75 scientific articles, and a number of research reports. He is currently engaged in research of the Philosophy of Information in the widest possible sense of the word, with specific attention to its individual and social implications and he has a limited lecturing responsibility in Information Science.

ABSTRACT

The invention of a future 1: on the future, inventive thinking and language

The future poses unavoidable challenges to human beings. We have to take on these challenges; we have to confront the future; we have to figure out how to deal with it; we have to develop strategies to secure a sensible future for ourselves. We do not hold the future in our hands. It happens to us and very often in unexpected ways. These ways are most likely different from our plans and scenarios. Many maintain that the future contains something catastrophic and monstrous; thinking about the future is often loaded with despair, not to be separated from a kind of death wish. Despite the despair, the catastrophic, the monstrous and the death wish, human life can only be lived by directing the attention to the future in an imperturbable way.

The significance of empirical data, of the demonstrable, to help us in this endeavour is limited, and so is its value. We must apply our capacity of thought to deal with the challenges. The urgency of thorough reflection can hardly be denied. This urgency is of a conceptual nature before it becomes political or ethical. But then thought and reflection of a specific quality are required. It must be reflection in the sense of comprehensive thinking, or inventive thinking, as the only mode of thinking that is capable of dealing with the complexity and enormity of the challenges. Thought as calculation is insufficient and needs the support and complementary input of thought as reflection, meditation and invention.

An overview of the relevant literature clearly demonstrates the importance of thought and reflection. It becomes abundantly clear that this thinking places hope at the centre of its focus, whether it is hope articulated in terms of philosophy, theology, psychology or even politics and revolution. No single, one-dimensional approach will ever guarantee the future, immaterial of how important guarantees may seem to us and how much we are in need of them. This hope is continuously related to utopian dreams, imaginary expectations and even promising propaganda. It is not only a matter of thinking as a rational issue, but thinking as serious reflection on ethical responsibilities as well. Good thinking is the principle of morality. For the best possible future the best possible thinking is required.

The inescapable directedness towards the future must always be a thoughtful directedness with 'the future as promise' in mind. While the promise is alive the possibilities of inventing a liveable future remains alive. Different approaches of making sense of the future have been considered, the valuable insights in the use and abuse of history with respect to the future can be particularly helpful here, but it seems as if a thoughtful orientation may be the most fruitful. For this to happen, thought of a certain order with a focus on meaningful information, language and life is recommended. The inspiration of thought, emerging from the convergence of a noetic disposition combined with imagination, phantasy and reason, leads to invention. For this reason inventive thinking in general is of decisive importance, but especially when the future is at stake.

This way of thinking cannot be taken for granted; it must be educated in the sense of 'the formation of human thought as invention'. It is important to keep this kind of thinking alive. In order for this kind of thinking to flourish, language is needed. Language in its fullness and not language merely as a handy tool is needed. When language is merely a tool as often happens, then its use becomes mechanical and it exhausts thinking. Exhausted thinking is unable to invent a meaningful future. It can do nothing more than mutilate any expectations regarding the future, disturb all hope, and obfuscate any vision of a possible future. When language is allowed to faint, hope, expectation, destination, and life itself faint as well. This is when 'barbarism of ignorance' takes over in which case dogmatisms, reductionisms, mutilating theories, and ideological distortions pollute all endeavours to invent a future.

Language supports any orientation towards the future, since the future tense, subjunctive and optative, mobilise and organise the future. In this sense language possesses the power of invention. For this reason poetry is important. It uses words to explore many possibilities. Poetry is indeed the thoughtful creation of possibilities. In poetry words are enabled to say as much as possible, to design a future. This is in contrast to ordinary language usage which says the minimum, tries to be 'economical', which very regularly happens in the case of scientific and technical language, as well as in teaching. Such instrumentalisation of language use kills language and is dangerous. Therefore, language in its dynamic fullness, together with comprehensive and inventive thought, must at all costs be kept alive.

KEY CONCEPTS: Future, hope, utopia, language, noetic ability, reflection, thought, invention

TREFWOORDE: Toekoms, hoop, utopie, taal, noëtiese vermoë, refleksie, denke, invensie

OPSOMMING

Die toekoms is onontwykbaar. Mense bly altyd daarmee gekonfronteer. Die uitdagings wat dit stel is ewe onontwykbaar: Wat moet ons daarmee doen? Hoe kan ons ons daarop voorberei? Wat kan gedoen word om dit te verseker? Duidelik stel dit hoë eise aan menslike denke, want geen empiriese hantering van die toekoms is moontlik nie. Deur die eeue het die gedagte van hoop op een of ander wyse gehelp om toekomsverwagtinge te artikuleer, hoop van filosowe, van teoloë, van psigoloë en selfs van rewolusionêres. Die hoop het mense laat voortgaan. Utopiese verwagtinge is gekoester en verkondig. Al hierdie intellektuele oefeninge is menslike denkhandelinge. Iets baie besonders word deur die toekoms van die denke gevra en dit vra weer vir 'n spesiale soort denke: allesomvattende denke, verbeeldingryke denke, of eintlik inventiewe denke, geïnspireer deur die noëtiese vermoëns van mense. Hierdie denke, ten einde te floreer en na behore te ontplooi, het taal nodig. Sonder taal sou die denke verstar en die toekoms versper gevind word. Taal help om die toekoms oop te maak, maar dan nie taal as gereedskap nie, maar wel taal as die spreker en denker in en deur mense.

1. DIE ONVERMYDELIKE UITDAGING

In hierdie artikel gaan probeer word om twee intellektuele werkvelde met mekaar te versoen en om die uiteindelijke betekenis van hierdie oefening te probeer aandui. In die proses wil ek ook nie praat oor “die toekoms” as 'n gegewenheid wat op ons wag om dit te betree nie. Dit bestaan ewe min as “'n toekoms” al is daar geen twyfel oor die feit dat dit terselfdertyd onafwendbaar is nie. Die toekoms geld vir sover dit sekerlik bestaan en ons deurgaans op die drumpel daarvan vertoef. Dit het ook te doen met hoe dit tot stand gebring word. Maar 'n toekoms het ook te doen met wat ek, of ons samehorendes, daarvan maak wanneer dit daar is.

Die toekoms is altyd in die gedrang. Ons is op pad iewers heen en ons weet dit. Ons weet egter nooit werklik waarheen ons op pad is nie al beplan ons ook hoe goed. Daar is baie sake wat ons toekoms help bepaal. Sake waaroor ons geen beheer het nie, soos byvoorbeeld 'n motor wat langs die hoofweg onklaar raak en die eienaar dan vermoor word. Soms bepaal die keuses wat ons maak ons toekoms en dikwels werk dit heel anders uit as wat ons onself voorgestel het of as wat ons beplan het. Dit is 'n kontingente affêre. Ander kere weer kan die toekoms bepaal word deur dinge wat met totaal ander oogmerke verrig is. *Tegniek, denke en toekoms* (1985) wat ek steeds as een van my beter artikels beskou, het aan my 'n werk besorg sonder dat ek dit ooit verwag of selfs vermoed het en nog minder beplan het met die skrywe daarvan al was 'n verandering op daardie stadium dringend nodig. Dit het my 'n toekoms weg van die primêre of institusionele filosofie geneem in die rigting van kennisbenutting sonder dat ek natuurlik ooit van die filosofie en die filosofiese afskeid kon of wou neem. Kennis in al die fasette daarvan bly deurgaans filosofies van aard. 'n Onskuldige opmerking by 'n metodologiewerkswinkel, wat ek toevallig namens iemand moes waarneem, het aan my 'n professoraat in Inligtingkunde besorg. So sou 'n mens kon aanhou en baie lesers het self baie en beter voorbeelde van hierdie aard. Wat al hierdie voorbeelde sê, is dat ons kwalik oor ons presiese toekoms enige beheer het. Dit kom ons eenvoudig oor.

Daar is ook veel groter sake as hierdie wat aandag vra en op 'n omvattender skaal ons toekoms kan en gaan bepaal. Ons durf nie onnadenkend hieroor wees nie. Waar en in watter soort milieu ons gebore is, speel 'n rol in die soort toekoms wat op ons wag. Soos u weet, word ons deur verskeie uitdagings gekonfronteer: die ekologiese probleem wat grond en water en klimaat insluit;

bevolkingsgroei wat sonder waarborge van water en kos net onbeheersd voortgaan; kernkrag-ontwikkeling wat steeds lewendig gedebatteer word en die hele mensdom ernstig bedreig; die uiteindes van die globaliseringsproses en die rekenaarontwikkelinge daarmee saam wat die mens wil vervang; die ongebreidelde geweldsug waaraan ons uitgelewer is.

Geweld, onderdrukking, ekonomiese verslawing, en sosiale irrasionaliteit is endemies in die geskiedenis, maar die twintigste eeu, met sy angswekkende moorddadigheid, met die waansinnige gaping tussen ekstreme weelde en die mistroostigste armoede, en met sy kern en bakteriese wapentuig waarmee die mens en sy omgewing beëindig kan word, het aan wanhoop 'n nuwe waarborg verskaf, skrywe George Steiner (2001:4). Die thanatokratiese gerigtheid in die Westerse kultuur waaroor Michel Serres (1987) skrywe en wat verwys na die keuse in die Westerse kultuurgeskiedenis toe daar vir Mars eerder as vir Venus gekies is, het beteken dat daar toe deur hierdie kultuur vir die dood gekies is. Hierdie doodsgerigtheid het veral ook in die wetenskap vorm aangeneem, maar 'n mens wonder tot hoe 'n mate die verkleefdheid aan dooie dinge (soos geld, masjiene en lyke (Minister van Veiligheid en Sekuriteit: "the beauty of murder is that there is a body" en alle morende misdadigers) nie deel hiervan is nie en dit ondanks René Passet (1979, 2000) se pleidooi vir "'n ekonomie van die lewende en die immateriële" in sy verset teen "die logika van die dooie dinge wat klaarblyklik die hoogste wet van die ekonomie" geword het. Die doodsdrijf waarvan Freud praat, lyk egter veel meer na 'n algemeen menslike fenomeen en nie slegs 'n Westerse probleem soos baie wil te kenne gee nie. Is daar kulture en beskawings wat nie bloed aan hulle hande het nie? (Vgl Steiner 1978).

Vanweë hierdie onvermydelikheid van gekonfronteer te bly met die kommerwekkende in ons menswees, maar ook weens die nimmer tanende hoop dat sake kan verbeter en die vooruitsigte op die paradys of 'n utopie wat lewendig gehou word, kon die saak van die toekoms nog nooit dringende en indringende nadenke ontglim nie. Dit is hierdie soort gebeure en situasies wat denkers soos Dupuy (2002) noep om sy denke oor die toekoms met katastrofe in verband te bring. Derrida (1995) verwys na die monstergtige van die toekoms, Steiner (2001) na die wanhopige nadat Freud in sy *Civilisation and its discontents* (1985) alreeds vroeër die doodsdrijf gebruik het om mense se toekomsgerigtheid te beskrywe.

Ondanks hierdie situasies, of miskien danksy die situasies, kan mense maar net nie loskom van besinning oor en oriëntasie tot die toekoms nie. Beskawings en kulture het deur die eeue maniere gehad en gevind om hierdie bedreigings die hoof te bied al sou dit ook telkens geblyk het ontoereikend te gewees het. So sal dit altyd wees en dan begin mense maar weer voor. Ons eie tyd het sy eie maniere waarvan die toereikendheid, al is dit op 'n betreklike lae noot, deurgaans bevraagteken word. Algemene strategieë om bedreigings die hoof te bied, is volop. Louis Marin (1977) het 'n insiggewende studie gedoen oor die utopie wat deur die Disneyskeppings, as een voorbeeld van so 'n strategie, nagestrewes word. Die sakewêreld en die ekonomistiese ideologieë wat dit drywe, laat ons glo dat 'n goeie ekonomie die paradys, die gesogte paradys, sal laat neerdaal. Die vermaaklikheidsbedryf, modebedryf en die advertensiewese is verstommend suksesvol in hul bedwelmende (letterlik en figuurlik) uitwerking wat ontvlugting bied van rampe. Verskillende politisismes wat maak asof die politiek al is wat saak maak en die daarmee gepaardgaande opblaas, buite alle verhouding, van politieke figure, is waarskynlik van die oudste utopiese drome en indien hierdie verheerliking nog boonop uit 'n rewolusie kom, is die gewaande utopie des te suiwerder. Die huidige tegnisiestiese immortaliteitsdroom bied seker die sterkste doepa vir hierdie ontvlugtingsmanie. 'n Soort hedendaagse kwasi-intellektualisme wat alle vorme van ware intellektualiteit in die kiem probeer smoor en daarmee mense met middelmatige gebabbel aan die slaap sus en dit dikwels ook regkry, plaas die kersie op die koek deur die miskiening van die werklike betekenis van omvattende denke en die volheid en rykdom van taal en kennis.

Hierdie pogings wissel van 'n ekstreem utopiese en hoopvolle tot 'n ekstreem onge-ergde (fatalistiese en selfs defaitistiese) houding. Die “whatever” van die jong mense vertel eintlik die hele verhaal. Dit is alles pogings om op die toekoms beslag te lê en beheer daaroor te neem, of net bloot onge-erg en belangeloos daaroor te wees. Hoe toereikend dit is en wat gewone mense daarvan maak behalwe om daardeur betower en opgeslurp te word, is en bly 'n onbeantwoorde vraag? Dit het 'n impak op ons; ons is deel hiervan. Uitkomstans, dis te sê as ons wel wil uitkom, lyk skraal. Die verdowing is te salig en die betowering fassineer te veel. Tog wys die geskiedenis van die mensheid en van beskawings en kulture dat die maniere wat gevind word en gebruik word altyd beperkinge het, waarvan menslike feilbaarheid waarskynlik die grootste is. Ons toekoms bly grootliks uitgelewer aan die hede en die geskiedenis.

2. DIE BELANGRIKHEID VAN REFLEKSIE

Hierdie besef laat Jean-Pierre Dupuy ons tyd beskrywe as 'n tyd van katastrofes, 'n tyd waarin dit wat onmoontlik lyk moontlik geword het (verwysende na die terreuraanval van 11 September 2001) en hy verbind dit aan Bergson se uitsprake oor die eerste wêreldoorlog: die oorlog kom voor as tegelyk waarskynlik en onmoontlik. Die belangrike, skrywe Dupuy, is om Bergson se refleksie te volg oor ons houding teenoor die katastrofe. Die dringendheid om hieroor te reflekteer, skrywe Dupuy (2002), is konseptueel van aard nog voor dit polities of eties kan wees. Die denke, behoorlike denke, moet ons dus hierin help. “Die filosofie van die moraal is embarrasserend; die metafisika onontbeerlik”, skrywe hy. Die gedagte van katastrofe is alreeds deur Michel Henry (1990) in 'n ander verband beklemtoon, maar toe al het hy dit met die gedagte van dood verbind wanneer hy dit het oor lewe en dood in die kapitalistiese regime, die tegno-ekonomiese univers as 'n heerskappy van die dood en oor die dood en die politiek. Teen hierdie agtergrond skrywe Derrida (1995:386-387):

Die toekoms is noodwendig monsteragtig: die figuur van die toekoms, dit wil sê, dit wat slegs kan verras, dit waarop ons nie voorbereid kan wees nie, word aangekondig deur spesies van monsters. 'n Toekoms wat nie monsteragtig is nie, sou nie 'n toekoms wees nie; dit sou reeds 'n voorspelbare, berekenbare, programmeerbare môre wees.

Een van die betekenis van die monsteragtige is dat dit ons sonder mag laat, sonder mag met betrekking tot die toekoms. Terselfdertyd mag die monsteragtige ons wel bewus maak van wat normaal is. En as hierdie norm 'n geskiedenis het, word dit moontlik om enige monster wat mag verskyn in terme van die geskiedenis van die monster te analiseer. Hierdie analisering bring ons naby aan die konseptualisering van Dupuy.

Wat is die antwoord van Steiner (2001) vir die toekoms in die aangesig van die wanhoop wat die skrikwekkende en angsaanjaende hede bring? Hy betreur die feit dat taal geplunder word en sou wou hê dat dit reggestel moet word. Hiervoor is stilte en alleenheid 'n voorwaarde. In hierdie stilte het denke baie woorde nodig – weer konseptualisering. Deleuze en Guattari (1994:108, 110) het sterk gedagtes oor hoe om jou op die toekoms te rig in verset teen die hede. Hierdie verset vra om kreatiwiteit of inventiwiteit: die skepping van en deur konsepte, wat insig bring. Ons konseptualiseringsprosesse en aktiwiteite moet ons op die toekoms instel en daarin inneem. Elkeen van hierdie refleksies dui op denke, maar wat ons dan moet aanvaar, is dat dit denke van 'n spesiale orde moet wees. Slegs met ons woordryke denke kan ons ons losdink uit 'n beskamende verlede en uitdink uit die morsighede van die hede en ons indink in 'n nuwe toekoms in.

Kan daar met behulp van rekenaars 'n toekoms uit hierdie bedreiging uitgeprogrammeer word of midde in dit ingeprogrammeer word? Of selfs 'n toekoms ge-ingenieur (engineer) word soos die

Fakulteit van Ingenieurswese van Stellenbosch se advertensie lui. Unisa het sy eie advertensie-weergawe van hoe die toekoms met betreklike gemak gemaak kan word. Of, is daar meer nodig as bloot meganistiese oefeninge? Wat kan hierdie “meer as” genoem word? Sal invensie moontlik kan help? Hoe inventeer ’n mens teen al die verkille in, teen die wanhopige, die monstertagtige en die katastrofale in? Een ding is seker: die huidige tydsgewrig of bedeling waarin ons ons bevind, stel enorme eise aan ons vermoëns en veral aan ons denkvernuif om die genoemde sake die hoof te bied en ’n toekoms te “verseker”. Om Michel Serres (1997:4) se woorde te gebruik: Ons tyd verwag van ons om met al ons organe te dink, te praat en te skrywe.

3. BONDIGE OORSIG OOR DIE LITERATUUR

Besinning oor die toekoms is oorweldigend wanneer ’n mens na die literatuur kyk sonder om dit hoegenaamd te probeer uitput. Oplossings of oriëntasies wat in die verlede uitgewerk is en steeds uitgewerk word, geskied in terme van die gedagte van hoop, of die utopiese verbeelding, of ook die nuutste toekomskundige scenariostellinge.

Die teologie van hoop van Jürgen Moltmann (1964), die filosofie van hoop van Ernst Bloch (1986), die pedagogie van hoop van Paulo Freire (1994) en die rewolusie van hoop van Erich Fromm (1968) is enkele voorbeelde. Naas die klem op hoop is daar ook die utopiese genre wat direkte toekomsverwante diskoerse genereer wat aandag vra. ’n Mens sou kon kies tussen die ontwikkeling van ’n kritiek van die utopiese rede of die a-kritiese beskrywing van die utopiese verlange. Beide het verdienste, maar wat bied elk wat anders is as dié van die ander? Op ’n manier gee Fredric Jameson deeglike aandag hieraan in sy indrukwekkende *Archaeologies of the future* (2005) wat ’n omvattende studie is van veral die rol van wetenskapfiksie, maar dan met ’n spesifieke politieke perspektief of vanuit so ’n perspektief. Baie mense het belang in die politieke verloor, veral in sy sogenaamde demokratiese gestalte. Daar is ander weë waarlangs die utopiese verbeelding as ’n spesifieke uitdrukking van die sosiale verbeelding verwesenliking kan vind. Ricoeur (1986:379-392) merk op dat daar twee fundamentele fenomene is wat ’n beslissende rol speel in die manier waarop ons ons in die geskiedenis situeer ten einde ons aandag wat gerig is op die toekoms, ons ge-erfde tradisies van die verlede en ons inisiatiewe in die hede in verband te kan bring met mekaar en hierdie fenomene is ideologie en utopie, maar dan moet dit geaktiveer word deur die verbeelding.

Daar is ook nog die kategorie van toekomskundiges wat hulle veral instel op beplanning en scenario-ontwikkeling vir die toekoms. Sekere tydskrifte word voluit hieraan gewy; *Futures* en *Futuribles* is twee van die meer bekendes. Daar is egter veelmeer. Michel Godet (2001) het ’n insiggewende boek *Creating futures* hieroor geskrywe. Hoewel dit insiggewende gedagtes bevat, demonstreer dit eintlik maar die ontoeganklikheid van die toekoms, die onmoontlike van beplanningstrategieë wat werk en die gebreke van projeksies. Hy val uiteindelik ook weer terug op ’n verwysing na die mens! Toekomsinvensie is ten diepste ’n antropologiese saak! Hannah en Harris met hulle *Inventing the future* (1999) handel meer oor die invensie van ’n nuwe toekoms vir inligting en die herskepping van biblioteke in die lig van tegniese ontwikkelinge, maar ook by hulle vind ’n mens ’n pleidooi vir “toegang tot die denke” en die klem daarop dat tegniese ontwikkelinge “are creating a fertile milieu for inventive thinking”.

Dit is ook belangrik om te besef dat meer as hoop, utopie en vyfjaarplanne op die spel is. Woorde soos belofte, dromery, wens, verwagting, skepping, potensiaal, bestemming en baie meer vertel ons daarvan en vestig ons aandag voortdurend op die feit dat ons wesens is wat altyd vorentoe beweeg en soekende bly. Dit blyk ook uit heelwat ander bydraes oor die toekoms. Die besinninge van Hottois (1990) moet ernstig bejeën word! Volgens hom neem tegnowerenskap as ‘t ware die taak uit die hande van die mens en vat ons byna probleemloos, maar minstens willens en

wetens, die toekoms in. Die toekoms is die toekoms van hierdie wetenskappe. Sardar en Ravetz (1999) se studie oor *cyberfutures* lewer insiggewende kommentaar op hierdie verabsoluttering van die posisie van die tegnowerenskappe in die besinning op die toekoms. Jean-Jacques Salomon (1999) beklemtoon ook in sy visie vir die toekoms dat “die oorlewing van die wetenskap” in die sin van “voort te gaan ondanks die wetenskap” die eintlike saak is waarom dit gaan. Hy lê klem op die behoefte aan invensie en die passie vir ontdekking wat moet lei tot “môre, die renaissance” (ibid:333-366). Die taak van die tegnowerenskap is duidelik volgens hom geen afgehandelde saak nie. Hattois (2000) het ook wel sy fokus effens verskuif in die rigting van Salomon met sy opstel oor *tegnowerenskap en wysheid* waarin hy beklemtoon dat die verantwoordelike filosofie aktief en interaktief en met wysheid die tegnowerenskappe moet vergesel. In al hierdie publikasies is etiese aangeleenthede rakende die toekoms ’n voorkeursaak.

Hierdie opmerking maak werke soos dié van Hans Jonas (1984) met sy *The imperative of responsibility* in die lig van tegnowerenskaplike ontwikkelinge besonder ter sake. Edgar Morin (2004) se *Éthique* is in hierdie verband hoogs relevant vir wat hier gesê word en verdien sorgvuldige aandag. Morin verbind die hoop met die etiek en met die geestelike ontwikkeling van die mens. Hy haal Pascal aan wat gesê het: “Laten wij dus ons best doen goed te denken; dat is het beginsel der moraal” (Gedachten 1963:116).

Hierdie beweging van die verbintenis van die etiese, die denkmattige en die toekoms kom ook voor by die kontemporêre “opgehelderde katastrofisme” van die reeds vermelde werk van Dupuy (2002) waarin hy besin oor wanneer die onmoontlikheid ’n sekerheid is. Ondanks die katastrofale, kan die lewe slegs gelewe word deur dit op die toekoms te rig, meen hy. So ’n denkende gerigtheid kan moeilik buite die katastrofale om geskied. Kyk byvoorbeeld na Dupuy se heel laaste paragraaf in die boek waarin hy beklemtoon dat “die opgehelderde katastrofisme” bestaan in die bedinking van die voortsetting van die menslike ervaring as ’n negasie van die selfdestruksie wat as ’t ware in sy bestemmingsgerigte toekoms ingeskrywe is (2002:216). Dit klop ook met sy kritiese behandeling van die filosofie van Hans Jonas (1984) oor die noodsaaklikheid van verantwoordelikheid.

Die toekoms as belofte is dit waarop Deleuze en Guattari (1994:108-110) hulle beroep en dit is die spieël waarin die hede op ’n vreemde wyse misvorm is en hulle appêl kom dus neer op ’n protes teen die hede. Die toekoms as belofte het reeds die hede (en ook die verlede) gediskwalifiseer. Isabelle Stengers sluit hierby aan en onderskryf dieselfde gedagtes in haar boek *The Invention of Modern Science*. (2000:152.1).

4. VERSKILLENDE BENADERINGSMOONTLIKHEDE

Ons persoonlike lewens staan in die teken van ’n voortdurende worsteling om en oor en vir ’n toekoms wat vir ons sin maak.

Een manier om die problematiek te betrag is om die volgende as wesenlike onderdele van so ’n besinning te aanvaar. Allereers kan oorweeg word wat die verhouding is tussen geskiedenis en toekoms en ook tussen tradisie of die verlede en toekoms. Hieruit vra ons dan

- 1) wat die gebruik van geskiedenis vir die toekoms inhou (Nietzsche 1957; Geyl 1957);
- 2) wat die misbruik van die geskiedenis vir die toekoms kan bied (Nietzsche 1957 en Geyl 1957);
- 3) watter moontlikhede van die openbaarmaking van die toekoms bestaan daar (Miskotte – *Hoofdsom der historie* 1945) en hoe ernstig moet dit opgevat word?
- 4) die hoop en utopie as ’n verwagtingsdrijf (Moltmann 1964; Bloch 1986, Freire 1996);
- 5) bestaan daar steeds ’n plek vir die invensie van ’n toekoms? Hoe geskied dit deur die geskiedenis heen; bring dit verantwoordelikhede mee? Wat van die revolusie van hoop van Erich Fromm (1968) en die imperatief van verantwoordelikheid van Hans Jonas (1984)?

Die vraag moet weer 'n keer gestel word: Kan menslike denke, veral inventiewe denke, iets aan so 'n saak doen? Hierdie vraag moet bevestigend beantwoord word in die lig van die oorsig oor die literatuur. Soos reeds opgemerk is, moet dit 'n denke van 'n bepaalde orde wees. Wat behoort die fokuspunte van hierdie denke te wees? Inligting, lewe en taal lyk na die mees dringende sake vir refleksie in hierdie verband en veral dan hoe denke hiermee behoort om te gaan. Die belangrikheid hiervan kom na vore uit elke bron van die literatuur waarna kortliks verwys is.

Wanneer die besinning oor die toekoms plaasvind, is twee sake belangrik: die toekoms van mense moet denkend uitgewerk word. Hier speel noëतिक, verbeelding, fantasie en rede 'n rol, asook ander dinge – saam georkestreer konstitueer dit die vermoë tot invensie en kan slegs denkend uitgewerk word met behulp van inligting wat beskikbaar is. Hierdie inligting het kennis as voedingsbron, maar dit is te veel, daar is 'n oormag (ontploffing!/? sê baie mense), sodat ons moet uitkom by inligting wat sin maak en betekenis het en nie inligting sonder meer nie. Dit op sigself is 'n enorme opdrag – die invensie en konfigurasie van betekenisvolle inligting in ons tyd bied hierdie uitdaging. 'n Mens kan byvoorbeeld kyk hoe iemand soos Bernard Tschumi (1990; 1998) op hierdie uitdaging antwoord. Hy moedig kulturele invensies aan. Sy argitekplanne toon die struktuur van verhoudinge wat invensies produseer. Dit sluit sekerlik menseverhoudinge in. Invensies is geneig om na vore te kom wanneer onverwante areas, idees en vorme op onverwagse maniere saamkom. Dit behels die uitmekaarhaal van konvensies deur die gebruik van begrippe uit allerlei velde en wat dan enige bepaalde veld met sy buitekant in verband bring. Hy ontwig doelbewus die koherensie en selfversekerde stabiliteit van 'n komposisie en bevorder onstabiliteit en programmatiese waansin, want waansin en sin, so meen hy, konstitueer gesamentlik inventiewe moontlikhede.

Betekenisvolle inligting, in hierdie lig, gee hoop vir die toekoms of open 'n toekoms van en vol hoop. Dit ontsluit as 't ware die pad wat voor op ons wag. Hiervoor moet ons aanvullend kyk na die krag van inventiwiteit met omvattende denke as moontlik die grootste voorwaarde. Hiermee saam kan die begrip sorg van Heidegger, soos die begrippe eros en waarheid van Foucault en Lacan, moontlik 'n ander toekoms open as een van vertwyfeling, sinisme, nihilisme en wanhoop. Hierdie kwaliteite moet ons invensie inspireer en dirigeer. Inventiewe denke en die konfigurasie van betekenisvolle inligting maak die pad oop waarop ons met vertroue, al is dit nooit met waarborge en sonder aarseling nie, moet en kan wandel. Hierdie twee sake (denke en inligting) asook die plek en rol van taal moet ons help om die pad vorentoe vrymoedig en al inventerend te loop.

5. INVENTIEWE DENKE

Invensie is nie 'n vreemde begrip nie en ook nie om dit met denke te verbind nie. In die diskussies oor Moltmann se teologie van hoop het De Jong (1968:33) die opmerking gemaak dat “hoop aan die denke die moontlikheid van inventiwiteit verleen.” Stiegler se proefskrif oor die “Tegniek en tyd: die fout van Epimetheus”, waarin hy “die invensie van die mens” in tegniese perspektief ontwikkel, asook Derrida se “invensie van die ander”, lê baie klem op hierdie term. Stengers (1997; 2000) se twee boeke oor invensie in verband met die wetenskappe is ewe relevant. Hierby kan gevoeg word dat invensie 'n sosiale handeling is (LeFevre 1987) en volgens Michel Serres in sy gesprekke met Bruno Latour (Serres/Latour 1995) is inventiwiteit eintlik van sentrale belang in besinninge oor wetenskap, kultuur en tyd. Waarom is invensie dan belangriker as, of word dit verkies bo, uitvind en vindingryk. Die woorde uitvind en vindingryk is byna soos die woord “akademies” verskraal tot die minimum van betekenis. Met die gebruik van invensie wil ek graag die maksimum probeer sê, hoe moeilik dit ook al mag wees, waartoe ek dink menslike denke in staat is of behoort te wees.

Ek was nog altyd gefassineer deur Heidegger se onderskeid tussen twee tipes denke:

berekenende of voorstellende denke en mediterende of kontemplatiewe denke. Hierdie fassinerende het gegroei soos ek in my leeswerk oor jare dieselfde onderskeidings by verskeie ander denkers (nie noodwendig filosowe nie) teëgekom het. Hans Jonas (spekulatiewe en aggressiewe intellek), Erich Fromm (rede en intelligensie), Joseph Weizenbaum (oordeel en berekening), Gernot Wersig (aesthetiek en berekening of calculus), en ook Gilles Deleuze (waardegedrewe denke en dogmatiese denke). Ek het probeer om die eerste kolom so betekenisvol moontlik te verstaan. Heidegger (1972:55-73) se oproep daartoe dat ons die nadenke wakker moet hou, lê spesifieke klem hierop en is 'n blywende inspirasie. Ons almal behoef steeds 'n opvoeding in die denke, want daar is 'n denke aan die ander kant van rasionaliteit en irrasionaliteit, 'n denke wat meer sober is as die onweerstaanbare wedloop van al die rasionaliseringe en die meevoerende karakter van kubernetika. Die vraag is: Word die werklikheid, dit wat is, uitgeput deur die demonstreerbare? Miskien is die vassteek voor die demonstreerbare, asof dit voldoende is, juis 'n simptoom van iets anders, van uitgeputte denke, van denke wat te moeg is om verder te dink. Vaardigheidsgebrek, eerder as denkgreuk, word deur hierdie moeë denke as die eintlike nood van ons tyd geïdentifiseer. Die demonstreerbare is egter te dig om 'n toekoms daarin te laat ontplooi.

Wat beteken opgevoedheid in die denke dan? Heidegger beroep hom op Aristoteles wat skrywe: "It is uneducated not to have an eye for when it is necessary to look for a proof, and when this is not necessary". Paulus het al gevra dat die dinge waar dit op aankom onderskei moet word. Jacques Lacan vra van die pasiënt, met die oog op behoorlike terapie, dat "die dinge wat saakmaak raakgesien moet word". George Steiner beklemtoon 'n soortgelyke gedagte al vertolk hy dit meer teen 'n ideologiese agtergrond. Stengers wil ook dat die essensiële van die anekdotiese geskei moet word. Hierdie vermoë weerspieël 'n opgevoedheid in die denke. Dit is egter nog nie duidelik op watter wyse dit wat geen bewys vra wel vir die denke toeganklik moet word nie. Gebeur dit deur bemiddelende dialektiek of deur oorspronklike intuïsie of nie deur een van die twee nie. Slegs die heel eiesoortige kwaliteit van dit wat bo alles anders aanspraak maak om deur ons bedink te word, kan ons in hierdie besluit help. Dan moet ons egter kan luister! Lê die antwoord miskien in gefundeerde onverborgenheid, in denke as die opening? Lê die naam van die taak van die denke miskien in "openheid en teenwoordigheid" eerder as in "syn en tyd"? Waar kom die openheid vandaan en hoe word dit gegee? Miskien is die taak van die denke juis om die saak van die denke te bedink. Moontlik besef ons nie meer die asemrowende vermoëns van die denke nie. Die afwesigheid van hierdie besef en wat dit werklik behels, maak dit baie maklik om menslike denke na masjiene te sekondeer wat dit dan sogenaamd beter kan doen. Hiervoor moet die denke of nadenke wakker gehou word, moet daar 'n verbintenis en verpligting tot denke wees, veral tot denke as onverborgenheid, as opening, ook in die rigting van 'n toekoms.

Hierdie denke as openheid maak inventiwiteit tot moontlikheid. Die ideaal vir die opvoeding tot denke wat hier ter sprake is, kan in 'n samevatting wat iemand van Michel Serres se filosofie van die opvoeding gegee het, soos vervat en uitgewerk in sy *The troubadour of knowledge* (1997), soos volg verwoord word: "The all-encompassing formation of human thought as invention; and vice versa, inventive creativity as the only creativity worth of cognitive thought." (Assad 1999:128). Serres is ondubbelsinnig uitgesproke oor invensie as die kulminasie van denke. Steiner (2001:278) wys daarop dat "invensie, volgens Alexander Pope, die hoogste menslike kapasiteit verteenwoordig en dat dit 'n naby-goddelike attribuut is."

6. TAAL EN INVENSIE

Hierdie soort denke het taal nodig. Om goed te kan dink, het ons baie woorde nodig. Taal moet dan verstaan word in sy volheid en nie in sy gebrekkigheid as stukkige gereedskap nie, so min as wat

denke bloot gereedskapmatig verduidelik kan word. Die meganisering (Dupuy 2000), die instrumentalisering (Fukuyama 2003), die industrialisering (Stiegler 1998) van die gees of van menslike spiritualiteit, wat ons eintlik maar by dié van taal en denke uitbring, laat ons ly aan uitgeputte denke waarvan ons waarskynlik almal meesal die prooi is. Dit is hierdie uitgeputte denke wat besig is om mense die prooi te laat word van masjiene en laat aandring daarop dat masjiene mense behoort te vervang en dan word die eindpunt, die vervolmaking selfs, van die evolusieproses gesien in die onsterflike en vleklose masjien – “the age of spiritual machines” waarvan Kurzweil (1999) skrywe – die eeu waarin menslike bewussyn afgelaai word in die masjien en waardeur die masjien die voortreflikheid van die mens boonop by verre gaan oorskry.

Toekomsoriëntering is ’n oriëntering in en deur taal. Net mense kan dit vermag. Steiner (2001) vestig die aandag op die toekomende tyd en die dinamiese en eksplorerende betekenis daarvan. Slegs mense ken die toekomende tyd. Hy skrywe:

The future tense, the ability to discuss possible events on the day after one’s funeral or in stellar space a million years hence, looks to be specific to *homo sapiens*. As does the use of subjunctive and of counter-factual modes which are themselves kindred, as it were, to future tenses. It is only man, so far as we can conceive, who has the means of altering his world by resort to “if”-clauses, who can generate sentences such as: ‘If Caesar had not gone to the Capitol that day’. It seems to me that this fantastic, formally incommensurable ‘grammatology’ of verb futures, of subjunctives and optatives, proved indispensable to the survival, to the evolution of the ‘language animal’ confronted, as we were and are, by the scandal, by the incomprehensibility of individual death. There is an actual sense in which every human use of the future tense of the verb ‘to be’ is a negation, however limited, of mortality. Even as every use of an ‘if’-sentence tells of a refusal of the brute inevitability, of the despotism of the fact. ‘Shall’, ‘will’, and ‘if’, circling in intricate fields of semantic force around a hidden centre or nucleus of potentiality, are the passwords to hope. (Steiner 2001:5)

Die gebruik van die “futurum perfectum” word dikwels deur sowel Derrida as Lacan beklemtoon en kan dus bygevoeg word by hierdie opmerkings van Steiner. Hier is ’n enkele voorbeeld van Derrida: “We will have to have invented, or we will have to have found something new in” ... in inligtingkunde, in filosofie, in watter vakgebied ook al. “We will have to have announced some news, but also we will have to have archived it” (Derrida 1996:9).

Ricoeur se omvattende projek oor tyd en narratief was presies om die “inventiewe mag van taal” te ondersoek (Ricoeur 1991: 463), maar nog veel meer: dit was die fokus van sy hele filosofieprojek. Hy skrywe:

My philosophical project is to show how human language is inventive despite the objective limits and codes which govern it, to reveal the diversity and potentiality of language which the erosion of everyday, conditioned by technocratic and political interests, never ceases to obscure. (Ricoeur 1991:465)

’n Mens kan sekerlik hier ook die eroderende rol van die wetenskaplike in die algemeen, die bestuursmatige en ook die markverwante belange byvoeg as sodanige verduisteringe van die potensiaal van taal. Aanvullend hiertoe is sy opvattinge oor “poësie en moontlikheid” ewe relevant (Ricoeur 1991:449-462). Dit is die taak van poësie om woorde soveel te laat sê as wat dit moontlik kan sê en nie so min as moontlik nie. Dit, naamlik om so min as moontlik te sê, is presies wat gebeur in gewone taal, in onderrigtaal, in wetenskaptaal, in die taal van tegniek. Hierdie instrumentalisering van taal is vir Ricoeur die gevaarlike tendens van ons tyd. ’n Groter bekommernis is dat ’n deel van

die filosofie slegs hierop konsentreer, terwyl hy hierteenoor die verantwoordelikheid van die filosofie van taal soos volg skets:

... to preserve the varieties of the uses of language and the polarities between these different kinds of language, ranging from science through political and practical language and ordinary language, let us say, and poetry. And ordinary language, mediating between poetry, on the one hand, and scientific language, on the other hand. (Ricoeur 1991: 48)

{In 'n opvolgartikel sal die onderwaardering en stroping van taal, wat nie alleen die moontlike invensie van die toekoms versluier nie, maar ons ook in doodloopstrate indwing, saam met die belangrikheid van die konfigurasie van betekenisvolle inligting vir sodanige invensies, bespreek word}

BIBLIOGRAFIE

- Assad, ML. 1999. *Reading with Michel Serres: an encounter with time*. Albany: SUNY Press.
- Bachelard, G. 1971. *The poetics of reverie: childhood, language and the cosmos*. Boston: Beacon Press.
- Blanchot, M. 1993. *The infinite conversation*. Minneapolis: The University of Minnesota Press.
- Bloch, E. 1986. *The principle of hope*. Cambridge (Ma): The MIT Press.
- Bourdieu, P. 1996. Understanding. *Theory, culture and society*, 13(2):17-37.
- Bourdieu, P. 2001. *Science de la science et réflexivité*. Paris: Éditions Raisons d'agir.
- De Beer, C.S. 1984. Tegniek, denke en toekoms. *RSA 2000*, 6:1-12.
- De Jong, J.M. 1968. Theologie van de hoop, in *Discussie over theologie van de hoop*, onder redaksie van WD Marsch. Utrecht: Amboboeken.
- Deleuze, G. & Guattari, F. 1994. *What is philosophy?* London: Verso.
- Derrida, J. 1987. *Psyché: inventions de l'autre*. Paris: Galilée.
- Derrida, J. 1995. *Points ... Interviews, 1974 – 1994*. Stanford: Stanford University Press.
- Derrida, J. 1996. *Archive fever: a Freudian impression*. Chicago: Chicago University Press.
- Derrida, J. 2005. *Les yeux de la langue*. Paris: L'Herne.
- Dupuy, J-P. 1980. Myths of the informational society, in *The myths of information: technology and postindustrial culture*, edited by K. Woodward. London: Routledge & Kegan Paul.
- Dupuy, J-P. 2000. *The mechanization of the mind: on the origins of cognitive science*. Princeton: Princeton University Press.
- Dupuy, J-P. 2002. *Pour une catastrophisme éclairé: quand l'impossible est certain*. Paris: Seuil.
- Freire, P. 1994. *The pedagogy of hope: reliving pedagogy of the oppressed*. London: Continuum.
- Freud, S. 1985. *Civilisation, society and religion*. Harmondsworth: Penguin Books.
- Fromm, E. 1968. *The revolution of hope: towards a humanized technology*. New York: Harper & Row.
- Fukuyama, F. 2003. *Our posthuman future: consequences of the biotechnology revolution*. New York: Picador.
- Geyl, P. 1957. *Use and abuse of history*. New Haven: Yale University Press.
- Godet, M. 2001. *Creating futures: scenario planning as a strategic management tool*. London: Economica.
- Godet, M. 2004. *Le choc de 2006: démographie, croissance, emploi. Pour une société de projets*. Paris: Odile Jacob.
- Gray, CH. 2002. *Cyborg citizen: politics in the posthuman age*. New York: Routledge.
- Guattari, F. 1995. *Chaosmosis: an ethico-aesthetic paradigm*. Bloomington: Indiana University Press.
- Hannah, SA. & Harris, MH. 1999. *Inventing the future: information services for a new millennium*. Stamford: Ablex.
- Hayles, NK. 1999. *How we became posthuman: virtual bodies in cybernetics, literature and informatics*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Hayles, NK. 2005. Computing the human. *Theory, culture and society*, 22(1):131- 151.
- Heidegger, M. 1972. *On time and being*. New York: Harper & Row.
- Heidegger, M. 1979. *Gelatenheid*. Amsterdam: Uitgeverij Lannoo.
- Henry, M. 1987. *La barbarie*. Paris: Grasset.
- Henry, M. 1990. *Du communisme au capitalisme: théorie d'une catastrophe*. Paris: Odile Jacob.
- Hottois, G. 1990. *Le paradigme bioéthique: une éthique pour la technoscience*. Bruxelles: De Boeck- Wesmael.

- Hottois, G. 2000. *Technoscience et sagesse?* Nantes: Éditions Pleins feux.
- Illich, I. 1973. *Tools for conviviality*. London: Calder & Boyars.
- Jameson, F. 2005. *Archaeologies of the future: the desire called utopia and other science fictions*. London: Verso.
- Jonas, H. 1984. *The imperative of responsibility*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Kurzweil, R. 1999. *The age of spiritual machines: when computers exceed human intelligence*. New York: Penguin Books.
- LeFevre, K.B. 1987. *Invention as a social act*. Carbondale: Southern Illinois University Press.
- Lévy, P. 1997. *Collective intelligence: mankind's emerging world in cyberspace*. New York: Plenum Trade.
- Marin, L. 1977. Disneyland: a degenerate utopia, in *Glyph I: Johns Hopkins textual studies*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Miskotte, K.H. 1945. *Hoofdsom der historie*. Nijkerk: Callenbach.
- Moltmann, J. 1964. *De theologie van de hoop: studies over de grondslagen en de konsekwenties van een christelijke eschatologie*. Utrecht: Amboboeken.
- Moravec, H.P. 1990. *Mind children: the future of robot and human intelligence*. Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Morin, E. 1991. *La méthode 4: Les idées: leur habitat, leur vie, leurs moeurs, leur organisation*. Paris: Seuil.
- Morin, E. 2004. *La méthode 6: Éthique*. Paris: Seuil.
- Nietzsche, F. 1957. *The use and abuse of history*. New York: The Liberal Arts Press.
- Passet, 1979. *L'économie et le vivant*. Paris: Payot.
- Passet, R. 2000. *L'illusion néo-libérale*. Paris: Flammarion.
- Prigogine, I. & Stengers, I. 1989. *Tussen tijd en eeuwigheid: de nieuwe plaats van de mens in de natuurwetenschap*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.
- Rajchman, J. 1991. *Truth and eros: Foucault, Lacan, and the question of ethics*. London: Routledge.
- Ricoeur, P. 1986. *Du texte à l'action. Essais d'herméneutique, II*. Paris: Seuil.
- Ricoeur, P. 1991. *Reflection and imagination: A Ricoeur Reader*, edited by Mario J. Valdés. Toronto: University of Toronto Press.
- Salanskis, J-M. 2003. *Herméneutique et cognition*. Lille: Presses Universitaires Septentrion.
- Salomon, J-J. 1999. *Survivre à la science: une certaine idée du futur*. Paris: Albin Michel.
- Sardar, Z. & Ravetz, JR. 1996. *Cyberfutures: culture and politics on the information superhighway*. London: Pluto Press.
- Serres, M. 1987. *Statues*. Paris: François Bourin.
- Serres, M. & Latour, B. 1995. *Conversations on science, culture and time*. Ann Arbor: The University of Michigan Press.
- Serres, M. 1997. *The troubadour of knowledge*. Ann Arbor: The University of Michigan Press.
- Steiner, G. 1978. *In Bluebeard's castle: some notes towards the redefinition of culture*. London: Faber & Faber.
- Steiner, G. 2001. *Grammars of creation*. London: Faber & Faber.
- Stengers, I. 1997. *Power and invention: situating science*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Stengers, I. 2000. *The invention of modern science*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Stiegler, B. 1998. *Technics and time, 1: The fault of Epimetheus*. Stanford: Stanford University Press.
- Stiegler, B. 2003. *Aimer, s'aimer, nous aimer*. Paris: Galilée.
- Taylor, M.C. 2001. *The moment of complexity: emerging network culture*. Chicago: Chicago University Press.
- Toffler, A. 1970. *Future shock*. London: Pan Books.
- Tschumi, B. 1990. *Questions of space*. London: The Architectural Association.
- Tschumi, B. 1998. *Architecture and disjunction*. Cambridge, MA.: The MIT Press.
- Ulmer, G. 2003. *Internet invention: from literacy to electracy*. New York: Longman.